

GESONDHEID

Nuwe kliniek vir Ga-Thaba-gemeenskap



Die ou Soetfontein kliniek (links) is vervang met die nuutgeboude kliniek (regs) wat met moderne nuwe fasiliteite spog.

Albert Pule

'n Nuwe kliniek het die lewens van mense in die dorpie Ga-Thaba, Limpopo, drasties verander.

Die Soetfontein kliniek, wat in 1971 geopen is, het net twee spreekkamers, 'n geboortekamer en 'n kamer wat as beide 'n stoorkamer en 'n apteek gedien het, gehad.

Versnel na 2015 en die gemeenskap van Ga-Thaba het nou toegang tot 'n nuwe kliniek wat 800 huishoudings in die dorpie kan bedien.

Die Nuwe kliniek dra by tot die lys van gesondheidsfasiliteite in die provinsie. Die inwoners van die provinsie het toegang tot 444 klinieke, 26 gesondheidsentrums, 30 distrikshospitale, vyf streekshospitale, drie gespesialiseerde hospitale en twee tersiêre hospitale.

Die Soetfontein kliniek het vier spreekkamers, 'n noodhulpkamer, 'n beradingskamer

(vir trauma sowel as MIV en vigs), 'n kraamsaal met drie afdelings (eerste fase, 'n kraamkamer en 'n na-geboortekamer), 'n linnekamer en 'n diagnostiese kamer.

Daar is ook sewe professionele verpleegsters, twee leerlingverpleegsters en een assistent-verpleegster.

Die kliniek is deur Limpopo se provinsiale Departement van Gesondheid gebou en sal 'n belangrike bydrae lewer om gesondheidsdienste meer toeganklik vir die mense van Ga-Thaba te maak.

Die departement het aanvanklik R11 miljoen vir die Soetfontein kliniek begroot en het uiteindelik R15.2 miljoen aan die bou van die kliniek bestee. Sedert dit in April geopen is, is 18 babas by die Soetfontein kliniek gebore.

"Dit maak my trots om hierdie nuwe kliniek te besigtig en dit sal ons as verskaffers van gesondheidsdienste help om 'n behoorlike diens aan die gemeenskap te lewer," het professionele verpleegster Anna Motimele

tydens amptelike opening van die kliniek gesê.

Die kliniek is amptelik geopen deur die LUR van Gesondheid in Limpopo, Dr Phophi Ramathuba, wat gesê het sy is vol vertroue dat dit 'n positiewe verskil in hulle lewens sal maak.

"Ek hoop hierdie kliniek sal die begin wees van goeie dinge vir hierdie gemeenskap. Dit is wat ons bedoel wanneer ons oor dienslewering praat.

"Ons wil nie hê dat wanneer iemand die kliniek besoek vir behandeling teen griep, hulle Panado moet kry nie, asof Panado alles genees," het LUR Phophi opgemerk.

Limpopo se provinsiale Departement van Gesondheid voorsien en bestuur omvattende gesondheidsdienste aan gemeenskappe. Die gesondheidsfasiliteite in die provinsie verseker dat gemeenskappe regdeur die provinsie toegang tot gesondheidsorg het.

Vir die 44-jarige Johana Malahlela, beteken die nuwe kliniek dat sy geld sal spaar swan-

neer sy haar seun vir 'n mediese ondersoek moet neem.

"Ek het dikwels in die verlede baie geld uitgee wanneer ek my seun vir 'n mediese ondersoek moes neem. Ek moes óf na Mankweng óf Polokwane gaan en dit het my soms tot R300 gekos net om daar te kom.

"Nou kan ek van my huis af na die kliniek stap waar my seun die nodige aandag sal kry," het dié ma van twee opgemerk.

Die 55-jarige Kgabo Manamela, wie se gesin die ou kliniek dekades lank moes gebruik, stem saam met Malahlela. Hy sien baie uit

GESONDHEIDSFASILITEITE IN LIMPOPO

- 444 klinieke
- 26 gesondheidsentrums
- 30 distrikshospitale
- vyf streekshospitale
- drie gespesialiseerde hospitale
- twee tersiêre hospitale

na die nuwe kliniek.

"Hierdie nuwe kliniek sal ons baie help, veral die ouer mense wat nie meer so vêr na Polokwane kan reis nie," het hy gesê.

'n Tradisionele leier van die dorpie, Kgoshi Maisha Molepo III, het 'n beroep op die gemeenskap gedoen om nie die klinieke af te brand wanneer hulle griewe teen die Regering het nie.

"Dié kliniek behoort nie aan hierdie mense nie," het hy gesê en na die LUR en haar afvaardiging gewys.

"Dit behoort aan ons, die mense van Ga-Thaba, en ek wil nie môre 'n oproep kry met die nuus dat julle dit afgebrand het omdat julle nie tevrede is met die Regering se diens nie.

"As julle dit doen sal ek die polisie hierheen bring en sorg dat die mense wat dit aan die brand gestek het gevang word en vir 'n lang tyd opgesluit word," het hy gesê onder luide toejuiging.

Manxili kry 'n moderne nuwe kliniek



President Jacob Zuma, hier saam met sy eggenoot Tobeka Madiba-Zuma, by die opening van Manxili-klinieke in Nquthu, KwaZulu-Natal. Die kliniek het beter gesondheidsdienste na die Manxili-gemeenskap gebring.

Thandeka Ngobese

Die nuwe R20-miljoen moderne Manxili-kliniek in Nquthu, KwaZulu-Natal (KZN), sal broodnodige verligting bring vir dié landelike gemeenskap van 13 000 mense.

In die verlede moes die mense van dié gemeenskap vir 'n mobiele kliniek wag wat die gebied eenmaal 'n maand besoek het, of hulle moes byna 10 kilometers na die Mangeni-kliniek aflê, gewoonlik te voet, om gesondheidsdienste te kry. Die mobiele klin-

iek het van die moederhospitaal, Charles Johnson Gedenkhospitaal, af gekom wat sowat 62 kilometers daarvandaan is.

'n Lid van die gemeenskap, Maqili Buthelezi, het gesê as hy die datum waarop die mobiele kliniek die gemeenskap besoek het, misgeloop het, het dit hom R54 gekos om sy medikasie by die Charles Johnson Gedenkhospitaal te gaan haal.

"Hierdie nuwe kliniek wat deur die Regering vir ons gegee is, gaan ons baie help en ons is baie dankbaar daarvoor," het hy gesê.

Inwoners van KwaZulu-Natal het toegang tot gesondheidsdienste by 72 provinsiale hospitale, 25 verpleegkolleges en 18 gemeenskapsgesondheidsentrums.

Die Manxili-klinieke, wat onlangs amptelik geopen is deur President Jacob Zuma, voldoen aan die vereistes van die Regering se Operasie Phakisa-model deurdat dit 'n "ideale kliniek" is, wat uitnemende diens moet lewer ooreenkomstig die nasionale kernstandaarde vir gesondheid.

Die opening is ook bygewoon deur die Adjunk-minster van Gesondheid Dr Joe Phaahla; KZN se LUR vir Gesondheid, Dr Sibongiseni Dhlomo; lede van KZN se Portfoliokomitee vir Gesondheid; en verteenwoordigers van die Verenigde Nasies se Gesamentlike Program vir MIV en vigs (UNAIDS), burgemeesters, raadslede en Amakhosi.

Die kliniek sal 'n belangrike bydrae lewer tot die Regering se pogings om die las van siektes te beveg, insluitend die verspreiding van MIV en vigs en TB-infeksies, asook siektes en sterftes onder moeders en kinders in die uMzinyathi-distrik.

Adjunk-minister Phaahla het tydens die opening gesê die departement tree in opdrag van President Zuma op ooreenkomstig die mandaat van die Nasionale Ontwikkelingsplan, wat bepaal dat as deel van Suid-Afrika se ontwikkeling, landelike gebiede saam met stedelike gebiede ontwikkel moet word.

"Die doelstellings van die Nasionale Gesondheidsversekeringsplan sal nie bereik word as ons nie seker maak dat ons landelike gesondheidsdienste verbeter word en van goeie gehalte is nie," het Adjunk-minister Phaahla gesê.

Gesondheidsorg in die provinsie wissel van die mees basiese gesondheidsfasiliteite,

tot provinsiale hospitale. Hierdie fasiliteite voorsien nie net gesondheidsdienste nie, maar die verpleegkolleges in die provinsie beteken ook dat die openbare gesondheidsorgstelsel 'n hupstoot kry wanneer nuwe verpleegsters kwalifiseer. Die bou van die Manxili-kliniek is die gevolg van 'n vennootskap tussen die Departement van Gesondheid, die Tobeka Madiba-Zuma Trust en die gemeenskap.

Altesaam R20 miljoen is bestee om die Manxili-kliniek te bou. Die Departement van Gesondheid se eie bydrae vir die kliniek en koshuise beloop R 16 203 474.41, terwyl die meubels en toerusting vir die hele projek R 1 624 219.87 beloop. Die Tobeka Madiba-Zuma Trust het meer as R2 miljoen bygedra.

GESONDHEIDSFASILITEITE IN KWAZULU-NATAL

- 72 provinsiale hospitale
- 25 verpleegkolleges
- 18 gemeenskapsgesondheidsentrums

Adjunk-minister Phaahla het ook belowe om seker te maak dat die kliniek die nasionale kerbeginsles vir gesondheid sal handhaaf, wat moet voldoen aan vereistes van sindelikeid, infeksiebeheer, die uitskakel van lang toue, die beskikbaarheid van medikasie en ander noodsaaklikhede, sekuriteit en veiligheid van personeel en pasiënte, asook 'n positiewe gesindheid van personeel.

Sedert die ingebruikneming van die Manxili-kliniek, is 72 100 manlike kondome versprei en 107 pasiënte het reproduksieverwante gesondheidsdienste ontvang.

Manxili-kliniek verskaf gesondheidsdienste soos voorgeboortelike sorg aan swanger moeders, toets vir servikale kanker en TB, en MIV-toetsing en

-berading.

